

Die geskiedenis van die Sepediskryfwyse

ABSTRACT

The development of Sepedi as a written language extends over a period of 100 years, from 1870 to 1967 when the current orthography was finalised. The missionaries, who were to put Sepedi to writing, were members of the Berlin Missionary Society who arrived in South Africa in 1859. To fulfil their mission, they had to devise a writing system for Sepedi, because the translation of the Bible was their ultimate aim.

In the development of Sepedi as a written language a clear distinction must be drawn between the period before October 1929 and the period thereafter. The period before October 1929 may be characterised as one of multiformity. Everyone wrote Sepedi as he thought best, since there was no co-ordinating body to control the development of the written form of Sepedi. The era after October 1929 is marked by the achievement of uniformity and standardisation. During this period an effort was made to create a uniform orthography for the written Sotho languages. At this point in time there were three written Sotho languages, namely, Sesotho (Southern Sotho), Setswana and Sepedi (Northern Sotho).

In the beginning even in each one of these written languages no uniformity in writing was adhered to. A uniform orthography for the three Sotho languages was still a dream to be realised. In 1947 a last step to fulfil this ideal was taken when the Somersethouse Conference was held in Pretoria. An attempt was made to get the co-operation of the Administration of Lesotho, but in vain. Even though the Sesotho orthography which had been in use since 1906 was being revised at that stage, the Administration of Lesotho did not wish to co-operate, and an orthography for Sesotho in the Union of South Africa was developed. In the end some changes had to be made to this orthography, and the dream of a uniform orthography for the Sotho languages did not come true.

In 1947 a uniform orthography for Sepedi and Setswana was brought into use. In 1972 a revised Sepedi orthography was published, and the main task of the Sepedi Language Committee thereafter was to concentrate on spelling. That was also the duty of the Sepedi Language Board which was to take the place of the Sepedi Language Committee during the seventies. This board, before being dissolved in 1994, decided on the official name, Sepedi, instead of Northern Sotho.

Die sending

Gedurende die agtiende en die negentiende eeue het verskillende Europese sendinggenootskappe Suid-Afrika as 'n arbeidsveld braak sien lê. Hulle werkers is hierheen gestuur om ooreenkomstig die opdrag van die

Meester, die mense sy dissipels te kom maak, hulle te doop en te leer dat hulle moet onderhou wat Hy verorden het. Hierdie sendingwerkers is teologies deeglik op die taak voorberei wat gewag het. Behalwe die grondige teologiese studie, het die opleiding wat hulle geniet het,

ook 'n kursus in die Taalkunde ingesluit, insonder die Afrikataalkunde, daar hulle die besondere taal of tale van die mense onder wie hulle sou gaan werk, moes aanleer en op skrif stel. Hulle sou ook skole moes oprig en evangeliste oplei wat die Blye Boodschap verder moes uitdra, en wat met die vertaling van die Bybel behulpsaam moes wees. 'n Kennis van Nederlands en Engels was ewenwel vir die sendingtaak hier te lande 'n verdere vereiste. Omdat die Paryse Sendinggenootskap 'n geruime tyd in Lesotho al doenig was, en die Londenese Sendinggenootskap in die Noord-Kaap 'n gevestigde gemeenskap bedien het, het die Berlyns-Lutherse Sendinggenootskap dit van sy kandidaat verwag om ook Sesotho (later ook as Suid-Sotho bekend) en Setswana te ken, daar beide dié tale toe al geskryf is.

Die eerste gesante van die Berlyners was Merensky en Grützner wat op 13 April 1859 in die Lydenburgomgewing aangekom het om daar 'n sendingstasie te vestig. Ofskoon die drie genoemde sendinggroepe gemeenskappe bedien het wat verspreid oor 'n wye gebied gewoon het, het hulle die heilsoodschap aan mense verkondig wat almal deel van die Sothotaalgroep is. Maar omdat die drie genootskappe onafhanklik van mekaar gewerk het, en daar van onderlinge skakeling of oorlegpleging, of enige vorm van koördinasie van hulle doen en late geen sprake was nie, het daar gevolglik drie afsonderlike skryftale, Sesotho, Setswana en Sepedi (Noord-Sotho), ontstaan wat elk later heilig oor sy taaloutonomie sou waak. Die geesdrif en ywer van hierdie sendingpioniers mag miskien siele vir Gods Koninkryk gewen het, maar die skryftaalprobleem wat dit geskep het, het met die gang van die tyd 'n monster geword. Daarom word die ontwikkeling van die Sepediskryfwyse, veral toe daar na 1929 van owerheidsweë ingegryp moes word om orde te probeer bring, hier nie los van dié van Sesotho en Setswana bespreek nie.

Eerste publikasies in Sepedi

Die sendinggeledere van Merensky en Grützner word na 1860 deur die koms van K. Endemann en Nachtigal aangevul. Die oes was ryp op die lande, maar hierdie sendingpioniers was geroepenes, en die taak was vir hulle nie te groot nie. Reeds in 1862 verskyn daar in 'n artikel deur Merensky, *Beiträge zur Geschichte der Bapeli*, wat in die *Berliner Missionsberichte* (1862:353–8) opgeneem is, die eerste Sepedi woorde wat opgeteken word. Die eerste boekies wat in Sepedi gedruk word, naamlik die *Padišo*-leesreeks, nommers 1, 2 en 3, verskyn in 1870, elf jaar nadat die eerste sendelinge hier aangekom het. Sepedi was nou 'n skryftaal. Omdat die geskrewe taal op die Sepedidialek gebaseer is, word daarna as Sepedi of Pedi verwys. Dit word ook Transvaal-Sotho genoem, daar dit uitsluitlik in Transvaal gebesig word. Later word daarvan as Noord-Sotho gepraat omdat dit die skryftaal van 'n verskeidenheid Transvaalse Sothodialekte is. Volgens die Van Wykindeling (1969) van hierdie dialekte, bedien dit die Sentrale Sothodialekte, die dialekte van die Noord- en die Oos-Sentrale Sotho asook dié van die Noordoos- en die Oos-Sotho.

Die eerste skrywers van Sepedi gebruik die Romeinse alfabet as die basis vir die ontwikkeling van 'n ortografie. Waar die simbole van die Romeinse alfabet nie toereikend is nie, word dit deur Griekse letters, soos (χ), of deur die gebruik van 'n verskeidenheid diakritiese tekens aangevul. Ook sou Duits, die moedertaal van die sendelinge, die keuse van geskikte simbole beïnvloed. Daarom skryf Endemann tz in plaas van ts, terwyl Merensky die Duitse sch aanwend as hy Setschele en Mosetlabsche skryf. Merensky se kennis van Sesotho het vanselfsprekend ook in sy geskifte 'n neerslag gevind, want op pad na die noorde het hy destyds in Lesotho by die Paryse sendelinge aangedoen. Hy was dus met die Sesotho-skryftaal bekend, en gebruik daarom die simbool o dikwels om die semi-vokaal w weer te

gee, terwyl hy die l in die plek van die d gebruik wanneer hy **Bapedi** skryf. Wat hier gebeur het, is dat bykans elke skrywer sy eie skryfstelsel ontwikkel het, dat hy hom boonop nie konsekwent daarby kon hou nie, met die gevolg dat geen eenvormigheid bestaan het nie.

Sommige skrywers dui ook toon aan, en omtrent elkeen het sy eie diakritiese toontekensisteem ontwerp. Aanvanklik is 'n hoë, 'n middel en 'n lae toon onderskei. Die hoë toon is deur middel van (´) of (˘) of (+) voorgestel; vir die lae toon is (˘) of (,) of (,) gebruik. Die middeltoon is of ongemerk gelaat, of deur (˘) of (+) aangedui. Eers na 1929 word op 'n eenvormige tekenstelsel besluit wat bepaal dat slegs 'n hoë en 'n lae toon onderskei word wat nie oral aangedui hoef te word nie. Vir die hoë toon word die akuutaksentteken, en vir die lae toon die gravisaksentteken aangewend.

Ten opsigte van woordverdeling het daar voor 1929 geen voorskrif gegeld nie, en elkeen het min of meer op gevoel af die woorde los of vas geskryf. Skrywers het onafhanklik van mekaar gestaan, en elkeen het geskryf soos hy dit goed gedink het. Daar was geen eenvormigheid in die skryfwyse nie. Boonop was daar geen sentrale of koördinerende liggaam wat oor die ontwikkeling van die skryftaal beheer uitgeoefen het, of gepoog het om standaardisering te bewerkstellig nie. 'n Verwarrende toedrag van sake het noodwendig hieruit voortgespruit waaroor Lestrade (1928:263) hom later soos volg uitgelaat het: "... today Sotho orthography in the Central sub-group at least, depends, in Sam Weller's classic phrase, 'upon the taste and the fancy of the speller', the result being an olla podrida that can be more readily imagined than described." Lestrade se 'today' was 1928, en die 'Central sub-group' waarvan hy praat, noem hy Transvaal-Sotho of Pedi. Lestrade se woorde omtrent die Sepediskryftaal was op daardie tydstip ewe toepaslik op die ontwikkeling van die Setswana- en die Sesothoskryftale. Hierdie chaotiese toestand

het meegebring dat daar vir die drie tale bewegings aan die gang gekom het om hulle ortografieë te standaardiseer. Hierdie pogings het ongelukkig nog nie van ampsweë gekom nie. Boonop was hierdie beoogde eenvormigheid slegs tot die verskeidenheid binne die onderskeie skryftale beperk. Dat so 'n eenvormigheid selfs binne 'n besondere skryftaal nodig was, spreek duidelik as na die onderstaande opsomming van die verskillende simbole gekyk word wat gebruik is om die Sepedi klanke weer te gee:

Vokale

[a]	: a
[e]	: e
[ɛ]	: e, ɛ
[ɛ̃]	: e, ɛ̃, è, ê
[ɛ̄]	: e
[i]	: i, e
[o]	: o
[ɔ]	: o, u
[ɔ̃]	: o, ɔ̃, ò, ô
[ɔ̄]	: o
[u]	: u

Semi-vokale

w	: o, u, ɔ̃, ɔ̄, w
j	: e, ɛ̃, y

Konsonante

[β]	υ, (v), b
[βʒ]	uy, uz, uʒ, by, bz, bʒ, vzh
[ɹ]	l, l, d
[ϕ]	f, f
[ϕs]	fs, fz
[ϕʃ]	fy, fsh, fʒ, fš
[x]	χ, g
[ʰ]	ḫ, ḥ, ḥ̄, ḥ̅, ḥ̆, ḥ̇, ḥ̈, ḥ̉, ḥ̊, ḥ̋, ḥ̌, ḥ̍, ḥ̎, ḥ̏, ḥ̐, ḥ̑, ḥ̒, ḥ̓, ḥ̔, ḥ̕, ḥ̖, ḥ̗, ḥ̘, ḥ̙, ḥ̚, ḥ̜, ḥ̝, ḥ̞, ḥ̟, ḥ̠, ḥ̡, ḥ̢, ḥ̣, ḥ̤, ḥ̥, ḥ̦, ḩ̣, ḥ̨, ḥ̩, ḥ̪, ḥ̫, ḥ̬, ḥ̭, ḥ̮, ḥ̯, ḥ̰, ḥ̱, ḥ̲, ḥ̳, ḥ̴, ḥ̵, ḥ̶, ḥ̷, ḥ̸, ḥ̹, ḥ̺, ḥ̻, ḥ̼, ḥ̽, ḥ̾, ḥ̿
[ʈ]	ṭ, ṭʰ, ṭ̄, ṭ̅, ṭ̆, ṭ̇, ṭ̈, ṭ̉, ṭ̊, ṭ̋, ṭ̌, ṭ̍, ṭ̎, ṭ̏, ṭ̐, ṭ̑, ṭ̒, ṭ̓, ṭ̔, ṭ̕, ṭ̖, ṭ̗, ṭ̘, ṭ̙, ṭ̚, ṭ̜, ṭ̝, ṭ̞, ṭ̟, ṭ̠, ṭ̡, ṭ̢, ṭ̣, ṭ̤, ṭ̥, ṭ̦, ţ̣, ṭ̨, ṭ̩, ṭ̪, ṭ̫, ṭ̬, ṭ̭, ṭ̮, ṭ̯, ṭ̰, ṭ̱, ṭ̲, ṭ̳, ṭ̴, ṭ̵, ṭ̶, ṭ̷, ṭ̸, ṭ̹, ṭ̺, ṭ̻, ṭ̼, ṭ̽, ṭ̾, ṭ̿
[ʒ]	ly, ḷy, dy, zh, j

[k']	k	
[kxh]	kχ, khχ, kg	
[kh]	kh	
[l]	l	l̥, l̄, l̄
[m]	m	m̥, m̄, m̄
[n]	n	n̥, n̄, n̄
[ŋ]	ŋ, n, ng	ŋ̥, ŋ̄, n̄
[ɲ]	nj, ny,	ɲ̥, n̄, n̄
[p']	p	
[ph]	ph	
[ps']	pz, ps	
[pʃ']	pž, py, pj, pzh, pš	
[psh]	pz, ps, phz, phs, psh	
[pʃh]	pš, psh, phy, ps, py	
[r]	r	r̥, r̄, r̄
[s]	s	
[ʃ]	sh, s, š	
[t']	t	
[th]	th	
[ts']	tz, ts	
[tʃ']	tž, c, tzh, tj, tsh, ts, tš	
[tsh]	ts, ths	
[tʃh]	tš, thš, ch, tsh, ths, ts, ty	
[tl']	ɬ, t̥, tl	
[tlh]	ɬh, t̥, tl, thl, t̄, tlh	

Eerste pogings tot eenvormigheid

Dit het vir die skrywers van die besondere skryftale gou duidelik geword dat hulle eenvormigheid ten opsigte van die skryfstelsel wat hulle gebruik, as 'n prioriteit moes stel. Daar Sesotho as skryftaal nie soos Setswana of Sepedi 'n groot getal uiteenlopende dialekte bedien het nie, was die daarstelling van 'n eenvormige skryfstelsel geen verre ideaal om na te streef nie en het hierdie wens teen 1906 in vervulling gegaan. Dergelike pogings tot uniformiteit is vanaf 1910 ook vir Setswana en Sepedi aan die gang gesit.

Vir Sepedi het daar in 1910 twee belangrike konferensies plaasgevind waartydens oor

die standaardisasie van die verskillende skryfstelsels besin is. Een van hierdie byeenkomste vind in Februarie 1910 plaas, en is die Ortografiekonferensie wat onder die beskerming van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap gestaan het, en in Johannesburg belê is. Hoewel hierdie konferensie hom hoofsaaklik met die ontwikkeling van 'n eenvormige skryfwyse vir Setswana bemoei het, is dit onder andere ook deur verteenwoordigers van die Berlynse Sendinggenootskap bygewoon. Wedepohl en Hoffmann het van Noord-Transvaal, en Kuschke en P.E. Schweltnus van Suid-Transvaal gekom. Hulle geledere is verder deur Trümpelmann, Gottschling en C. Schweltnus aangevul. Ofskoon daar oor 'n ortografie vir Setswana ooreengekom is, het dit weldra geblyk dat dit nie deur die verskillende sendinggenootskappe eenvormig gebruik word nie. Moedertaalsprekers het dit van meet af aan verwerp. Lestrade (1937:137) skryf hieroor en wys daarop dat die ortografieë intussen vermeerder het, en dat nuwe skryfstelsels ontstaan het wat op verskillende dialekte gebaseer is. Asof dit die saak nie reeds in 'n groot mate gekompliseer het nie, het verskillende Tswana outeurs ook ten opsigte van hulle besondere Setswana-dialek, hulle van uiteenlopende ortografiese modelle bedien.

Gedurende dieselfde jaar het die Berlynse Sendinggenootskap vir Noord- en Suid-Transvaal 'n byeenkoms gereël, die Gesamentlike Ortografiekonferensie, waartydens gepoog is om 'n gestandaardiseerde ortografie vir Sepedi uit te werk. Hulle bereik wel 'n ooreenkoms, maar slegs Hoffmann hou hom aanvanklik by die besluite van hierdie konferensie. Later het ook hy hiervan afgewyk.

Van hierdie vroeë pogings tot standaardisasie kom daar vir Setswana en Sepedi dus niks tereg nie. Teen 1928 was die situasie so verwarrend dat dit nie anders kon nie, en word daar eindelijk van owerheidsweë ingegryp. Hierdie ingreep van owerheidsweë sou nie met 'n kitsoplossing kon kom nie.

Daarvoor was die situasie veels te gekompliseerd. Dit het die owerheid nie besef nie, en het aangeneem dat hy al die tale onder een sambreel kan saamhok, en 'n eenvormige ortografie vir almal daar kan stel. Hy sou ewenwel gou van hierdie simplistiese siening van sake ontslae raak.

Advieskomitee oor Bantoestudies en -navorsing

Die Unieregering het daarom in 1928 'n Advieskomitee oor Bantoestudies en -navorsing in die lewe geroep. In hoofsaak moes hierdie komitee 'n eenvormige ortografie vir die verskillende Afrikatale daarstel. Die Departement van Unie-Onderwys tree as sameroeper op, en verteenwoordigers van die universiteite, die vier Provinsiale Administrasies, die destydse Protektorate en belangstellende sending-genootskappe het hierdie konferensie bygewoon. Die poging om vir die Afrikatale 'n eenvormige ortografie te ontwikkel, misluk egter.

In Julie 1928 stel hierdie komitee 'n subkomitee aan, die Sentrale Ortografiekomitee, wat die beheer oor die hervorming en die standaardisasie van die verskillende ortografieë moet uitoefen. Die Sentrale Ortografiekomitee stig op sy beurt in November 1928 subkomitees vir die Sothotale, die Ngunitale, Tsonga en Venda. Die *Suto-Pedi-Chwana-subkomitee* het opdrag gekry om vir Sepedi, Sesotho en Setswana 'n eenvormige ortografie uit te werk. Hierdie subkomitee vergader op 14 en 15 Februarie 1928 te Pretoria. Die ortografie waarmee hulle na die Sentrale Ortografiekomitee gaan, word egter nie goedgekeur nie. In Mei 1929 kom die Sentrale Ortografiekomitee byeen om die impasse te bespreek waarin hulle beland het. Die probleme wat aandag kry, is dat (a) die Administrasie van die destydse Basoetoeland geen verandering aan die Sesotho-ortografie wil aanvaar nie, en (b) die verteenwoordigers van Sepedi en Setswana tydens die beraadslaging wat die *Suto-Pedi-Chwana-subkomitee* voer, hewig van mekaar verskil.

Die gevolg hiervan is dat die *Suto-Pedi-Chwana-subkomitee* ontbind word, en in die plek hiervan twee nuwe komitees benoem word, te wete:

- ▶ Die Transvaal-Sothosubkomitee, en
- ▶ Die Tswanasubkomitee.

Die houding van die Basoetoelandse regering is waarskynlik daarvoor verantwoordelik dat die Sentrale het nie. Wat Setswana en Sepedi betref Ortografiekomitee nie 'n subkomitee vir Sesotho aangestel, het die ontwikkeling van 'n eenvormige ortografie vir dié twee tale hiervandaan hand aan hand gegaan, en word dit ook verder in hierdie uiteensetting so hanteer. Die gedagte aan 'n eenvormige ortografie vir aldie Sothotale sou ewenwel bly spook, en later tydens die Somersethuis-konferensie van 1947 weer sy kop uitsteek.

'n Sepedi-ortografie

Daar die Provinsiale Administrasies destyds nog alle onderwysaangeleenthede gehanteer het, het die Transvaal-Sothokomitee onder die beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement geval. Eers veel later sou dié verantwoordelikheid na die destydse Departement van Naturellesake (Afdeling Naturelle-onderwys) oorskuif.

Die Transvaal-Sothosubkomitee het op sy vergadering van 3 Oktober 1929 sekere aanbevelings ten opsigte van die Sepedi-ortografie gemaak wat deur die Unieregering se Advieskomitee oor Bantoestudies en -navorsing aanvaar is. Hierdie ortografie word deur Lestrade (1930a) in sy artikel, *The Practical Orthography of Transvaal Sotho*, uiteengesit, en verskil van die huidige ortografie in enkele opsigte, soos hieronder aangedui word:

Vokale	1929 ortografie	Huidige ortografie
ê	[ɛ]	[ɛ], [ɛ̃]
e	[e], [ɛ̃], [ɛ̄]	[e], [ɛ̃]
ô	[ɔ]	[ɔ], [ɔ̃]
o	[o], [ɔ̃], [ɔ̄]	[o], [ɔ̃]

Konsonante

[pʃ]	py	pš
[psh]	phs	psh
[p]h	phš, phy	pšh
[tsh]	ths	tsh
[t]h	thš	tšh
[tlh]	thl	tlh
[kxh]	kx	kg
[ϕ]	fy	fš
[x]	x	g
[βʒ]	by	bj

Die ortografie van Setswana: 1929–1937

Die ontwikkeling van 'n Setswana-ortografie het nie so gladweg soos dié van Sepedi verloop nie. Die eerste vergadering van die Tswanasubkomitee vind op 1 en 2 Oktober 1929 plaas waartydens 'n ortografie vir Setswana uitgewerk word. Die Sentrale Ortografiekomitee besluit dat hierdie skryfwyse, veral vanuit 'n taalkundige oogpunt beskou, nie aanvaar kan word nie. In Januarie 1930 word dié saak dus na die Tswanasubkomitee terugverwys. Die subkomitee word versoek om, indien moontlik, die aanbevelings van die Transvaal-Sothosubkomitee ten opsigte van Sepedi ook op Setswana van toepassing te maak.

Op 27 Februarie 1930 aanvaar die Tswanasubkomitee die aanbevelings vir Setswana wat die Transvaal-Sothosubkomitee ten opsigte van Sepedi gemaak het. Die Sentrale Ortografiekomitee neem tydens sy vergadering van Julie 1930 met die besluit van die Tswanasubkomitee genoeë, en Lestrade (1930b) vat hierdie besonderhede in die pamflet, *The Practical Orthography of Tswana*, saam wat daarna gepubliseer word. Hierdie ortografie staan as die Sentrale ortografie bekend, maar hiermee word die probleem rondom die Setswana-ortografie ongelukkig nie opgelos nie, en duik dit onverwags in November 1930 weer skielik op toe 'n konferensie gehou word waartydens die verteenwoordigers van die onderwysliggame van die destydse Betsjoeana-

landse Protektoraat, die Kaap, die Oranje Vrystaat en die Transvaal moes besluit oor die administratiewe stappe om die verskillende ortografieë van die Afrikatale te implementeer. Ter oplossing hiervan word besluit om 'n verdere konferensie van onderwysowerhede te belê om weer die ortografie van Setswana te bespreek. Wat aanvanklik gemeen is gou opgelos sou wees, het 'n volle ses jaar in beslag geneem voordat die verskillende belanghebbendes tot konsensus oorgehaal is.

Die eerste byeenkoms om hierdie saak te besleg, vind in Desember 1930 plaas toe die verteenwoordigers van die Betsjoeanaanse Protektoraat saamkom om hieroor te beraadslaag. Hierdie vergadering word ook deur lede van die Sentrale Ortografiekomitee bygewoon. 'n Konseportografie vir Setswana word hiertydens bespreek. Dit staan as die Mafeking-ortografie bekend, en verskil in enkele opsigte van die Sentrale Ortografie van 1930.

'n Tweede konferensie vind hierna plaas. Die onderwysowerhede van die Betsjoeanaanse Protektoraat, die Oranje Vrystaat en die Transvaal word hierheen uitgenooi. Die afgevaardigdes kom gedurende November 1931 te Bloemfontein byeen. Die onvermydelike volg; 'n ortografie word uitgewerk wat van die Mafeking-skryfwyse verskil, en in drie opsigte van die Sentrale Ortografie afwyk. Die onhoudbaarheid van die situasie word hierdeur vererger dat daar toe van verskeie kante pogings aangewend word om die Mafeking-, die Bloemfontein- en die Sentrale Ortografieë willekeurig in gebruik te stel. Hierdie pogings misluk almal, en oral skiet daar nie-amptelike komitees op wat elkeen op sy eie 'n ortografie probeer ontwikkel wat of op die 1910-Tswana-ortografie, of op die Bloemfontein-ortografie gebaseer word.

Gedurende 1936 gryp die Sentrale Ortografiekomitee in, en andermaal word gepoog om 'n eenvormige Setswana-ortografie uit te werk. Die verteenwoordigers van sowel die Departement van Onderwys van die Betsjoe-

analandse Protektoraat, die Kaap, die Oranje Vrystaat en die Transvaal, as die Inter-Universitêrekomitee vir Bantoestudies (wat die funksies van die eertydse Advieskomitee oor Bantoestudies en -navorsing oorgeneem het) kom in Februarie in Johannesburg byeen, en besluit om 'n konferensie te belê waarop sowel amptelike as nie-amptelike verteenwoordigers van die vier onderwysadministrasies sitting sou hê. Dié konferensie vind gedurende April 1937 onder voorsitterskap van prof. C.M. Doke plaas. Hiertydens bespreek hulle slegs die drie verskille tussen die Bloemfontein- en die Sentrale ortografieë, en besluit hieroor soos volg:

- (a) Die semi-vokale word deur middel van y en w weergegee.
- (b) Aspirasie by affrikate word deur middel van 'n h aan die einde aangedui, byvoorbeeld: tsh, tsh en tlh.
- (c) Die g simboliseer die velêre frikatief.

Hierdie Setswana-ortografie word deur Lestrade (1937:137-48) in sy artikel, *A Practical Orthography for Tswana*, uiteengesit, en beëindig die onenigheid wat oor 'n skryfstelsel vir Setswana bestaan het.

In 1937 stig die Transvaalse Onderwysdepartement twee taalrade, die Peditaalraad en die Transvaal-Tswanataalraad, met die opdrag dat hulle moet toesien dat (a) die Transvaal-Sotho-ortografie van 1929, en (b) die Setswana-ortografie van 1937 in gebruik gestel word. Betsjoeanaland, die Kaap en die Oranje Vrystaat volg die Transvaalse voorbeeld, en stel soortgelyke taalrade vir Setswana aan wat moet sorg dat die 1937-ortografie in hulle onderskeie gebiede gebruik word.

Die 1947 Somersethuis-konferensie

Die strewe na 'n eenvormige skryfwyse vir die Sothotale het gedurende 1946 weer tydens 'n byeenkoms van die Peditaalraad en die Transvaal-Tswanataalraad ter sprake gekom, en besluit hulle om die Transvaalse Onderwysdepartement te versoek om 'n konferensie te belê wat andermaal die moont-

likheid van 'n eenvormige skryfwyse vir die Sothotale moet ondersoek. Hulle meen dat:

- (a) Die verskille tussen die twee ortografieë min en bowendien onbenullig is, en dat dit maklik uit die weg geruim kan word.
- (b) Daar by die opstel van so 'n ortografie swaarder op die ooreenkomste tussen dié twee tale gekonsentreer moet word, eerder as om die verskille voorop te plaas.
- (c) Hulle werk beter deur 'n enkele raad verrig kan word.

Die Transvaalse Onderwysdepartement verklaar hom hiertoe bereid, en stel in die omsendbrief, N.O. 31216 van 13 Mei 1946, die hou van so 'n konferensie in die vooruitsig wat ondersoek moet instel of:

- (a) Die ortografiese verskille tussen Sepedi en Setswana uit die weg geruim kan word.
- (b) Diakritiese tekens, met die uitsondering van tegniese en wetenskaplike werke, in alle ander gevalle weglaatbaar is waar dit nie tot verwarring of onduidelikheid sal lei nie.

'n Derde baie belangrike opdrag word hierby ingesluit wat lui dat die moontlikheid oorweeg moet word om ook Sesotho by die standaardisering van die ortografieë te betrek.

'n Voorbereidende byeenkoms van belanghebbendes vind plaas waartydens:

- (a) 'n Vergelykende tabel van die drie Sotho-ortografieë saamgestel word.
- (b) 'n Vergelyking tussen die verskillende stelle diakritiese tekens getref word wat toe in gebruik was.
- (c) Sekere uitgangspunte met die oog op die berading geformuleer word.
- (d) Voorstelle met die oog op die standaardisasie van die skryftale voorberei word.
- (e) Riglyne ten opsigte van woordverdeling neergelê word.

Soos die twee taalrade in hulle memorandum aan die Transvaalse Onderwysdepartement versoek het, word hulle saamgevoeg en staan hierna as die Sotho-Unifikasiekomitee

bekend. Die bevoegdheid van hierdie komitee word uitgebrei om ook besluite rakende 'n Sesotho-ortografie te neem. Lede vir Sesotho word daarom op die komitee benoem waarna die drie taalgroepe elk deur eweveel lede verteenwoordig word.

Die Sotho-Unifikasiekomitee vergader op 18 September 1946 te Pretoria, en die aanbevelings word bespreek wat deur die vroeëre byeenkoms oor die Sotho-ortografie voorberei is. Dit word gewysig en aangevul, en as 'n belangrike dokument saamgevat wat koers aan alle toekomstige beraadslagings sou gee. Die genome besluite word hier volledig weer-gegee:

(a) *Diakritiese tekens*

Die komitee beveel aan dat die gebruik van diakritiese tekens slegs in wetenskaplike en tegniese geskryfte verpligtend is.

(b) *Vokale*

Die oop ê ([ɛ]) en ô ([ɔ]) hoef nie meer met behulp van die kappie van die e ([e]) en die o ([o]) onderskei te word nie.

(c) *Semi-vokale*

Die simbole w en y word gebruik om die semi-vokale te simboliseer.

(d) *Konsonante*

Die volgende aanbevelings is ter sake:

- (i) In Sesotho moet die **d** in die plek van die **l** gebruik word.
- (ii) Die **g** simboliseer die /x/-foneem. In Sesotho bly die skryftekens **h** ewenwel behoue.
- (iii) Waar [s] en [ʃ] dialekties wissel, word die skryftekens **s** aanbeveel. Waar [s] en [ʃ] in Sesotho met 'n semantiese onderskeid saamhang (soos in **seba** en **sheba**) word die [ʃ] deur die **sh** gesimboliseer.
- (iv) Die **ǃ** (soos in **nǃa**) verval in Sesotho. In die plek hiervan word die teken **q** gebruik.
- (v) Die sillabiese **l**, **m** en **n** word deurgaans as **ll**, **mm** en **nn** geskryf.

Ten opsigte van *digrawe* beveel die komitee soos volg aan:

- (i) Die gebruik van **by** verval, en **jw** kom in die plek daarvan, byvoorbeeld: **jwalo** in plaas van **byalo**.
- (ii) Die **fs** word deur **f** vervang, byvoorbeeld: **lefifi**. Die simbool **sw** word as 'n alternatief erken, byvoorbeeld: **leswiswi**.
- (iii) Die **fy** word deur **f** vervang, byvoorbeeld: **mafi**.
- (iv) Die digraaf **hl** word in Sepedi deur die trigraaf **thl** vervang.

Hierdie reël is nie op Sesotho van toepassing nie, maar waar die trigraaf wel sou voorkom, moet dit as **thl** geskryf word.

- (v) **kg** word in die plek van **kx** gebruik, byvoorbeeld: **kgomo**. **kh** kan nie in dié geval gebruik word nie, omdat dit die geaspireerde vorm van **k** is.
- (vi) Die **py** word nie meer as 'n alternatief vir die **pj** aanvaar nie.
- (vii) Die **ts** staan vir die [ts'] en die [tʃ'] waar hulle dialekties wissel, byvoorbeeld: **tse**, **tsona**. Waar [ts'] en [tʃ'] semanties onderskeidend is, word die **tj** gebruik om [tʃ'] voor te stel.

Ten opsigte van die gebruik van *trigrawe* beveel die komitee aan dat:

- (i) Die **thl** as die geaspireerde vorm van **tl** optree.
- (ii) Die **ths** as die geaspireerde vorm van **ts** gebruik word. Hierteenoor word die **tsh** bo die **thš**, **tšh** of **ch** verkies.

'n Konferensie word nou in die vooruitsig gestel, en die Transvaalse Onderwysdepartement stuur uitnodigings uit na:

- ▶ Die universiteite.
- ▶ Die Departemente van Onderwys van die Unie, die Oranje Vrystaat en die Kaap.
- ▶ Die destydse Protektorate van Basoetoland en Betsjoeanaland.
- ▶ Die destydse Departement van Naturelle-sake.

Bogenoemde memorandum word by die uitnodigings ingesluit om as die basis van die

samesprekings te dien. Hierdie byeenkoms staan as die Somersethuis-konferensie bekend, en is op 13 en 14 Februarie 1947 in die Raadsaal van die Universiteit van Suid-Afrika (Somersethuis, Vermeulenstraat, Pretoria) gehou. Dr. W.M.M. Eiselen tree as voorsitter by die konferensie op. Aan die hand van die memorandum wat deur die Sotho-Unifikasiekomitee opgestel is, word die voorgestelde veranderinge bespreek. Sommige voorstelle word sonder meer aanvaar, ander word gewysig. Ten opsigte van die skryftekenstelsel van Sotho word die volgende voorstelle gemaak:

- (a) Die kappie hoef nie meer gebruik te word om tussen e en ê, en o en ô te onderskei nie.
 - (b) Die semi-vokale word deur y en w gesimboliseer.
 - (c) Die d word in die plek van die l gebruik.
 - (d) Waar dit toepaslik is, gebruik Sepedi en Setswana die simbool g, en Sesotho die h.
 - (e) Sepedi en Setswana behou die skryfteken š. Basoetoeland word gevra om die gebruik van die š in stede van die sh te oorweeg.
 - (f) Die gebruik van q word in plaas van die ḡ aanbeveel.
 - (g) Die sillabiese konsonante word deur die verdubbeling van die betrokke teken voorgestel (soos in **mma**, **na**, **lla**), behalwe as dit deur 'n andersoortige konsonant gevolg word (soos in **mpa**, **ntlo**).
 - (h) Die **bj** en die **jw** tree as alternatiewe op, en vervang die digraaf **by**, byvoorbeeld: **bjalo** of **jwalo**.
 - (i) Die digraaf **fs** word deur **f** vervang. Die **sw** word as alternatief erken.
 - (j) Die **f** en die **sw** is alternatiewe, en vervang die **fy**.
 - (k) Sepedi en Sesotho behou die digraaf **hl**. Die **tlh** word as die geaspireerde vorm van **tl** beskryf.
 - (l) Die **kg** word as die skryfteken vir die [kxh] aanbeveel, terwyl die digraaf **kh** die geaspireerde vorm van **k** voorstel.
- (m) Die **py** dien nie meer as die alternatief vir die **pj** nie.
 - (n) Die verskil tussen **tš** en **ts** korreleer met dié tussen **š** en **s**.
 - (o) Die trigrawe **tsh** en **tšh** simboliseer geaspireerde klanke. Basoetoeland word gevra om die Sesotho-ortografie hierby aan te pas.

Op 26 Oktober 1948 word 'n vergadering van die Sothotaalraad (van die Transvaalse Onderwysdepartement) gehou waarop 'n subkomitee benoem word om die aanbevelings van die Somersethuis-konferensie in oorweging te neem. Tydens hierdie byeenkoms dui die voorsitter aan dat Basoetoeland die voorstelle van die 1947-konferensie nog bestudeer. Besluite kan derhalwe nie op Sesotho van toepassing gemaak word aler die owerheid sy amptelike standpunt bekend gemaak het nie.

Die Ortografiesubkomitee vergader op 5 Augustus 1949 en beveel vier veranderinge aan:

- (a) Die kappie wat die oop en geslote vokale onderskei, word slegs in wetenskaplike werke en in woorde gebruik waar die afwesigheid daarvan moontlike verwarring kan veroorsaak, soos in:
lema (tšhemo): **lêma** (dinaka, motho)
loba (kgoši): **lôba** (senyegelwa)
- (b) Die **fs** word as die standaardvorm aanvaar; **f** en **sw** word as alternatiewe vorme toegelaat.
- (c) Die **fš** word die standaardvorm, terwyl die **fy** as 'n alternatiewe vorm erken word.
- (d) Die digraaf **pš** word die standaardvorm, en **py** en **pj** kan as alternatiewe gebruik word.

Hierdie subkomitee kom vir 'n tweede keer op 1 September 1949 te Pretoria byeen en besluit na heroorweging dat:

- (a) Nie slegs **fy** nie, maar ook **šw** as alternatief vir **fš** erken word.

- (b) Die digraaf **hl** die **tlh** as 'n alternatiewe vorm kan hê.

Prof. D.T. Cole word gevra om sowel hierdie as die vorige wysigings op skrif te stel en in 'n volledige samevatting van die ortografie op te neem. Die voorsitter meld dat die Direkteur van Onderwys van Basoetoeland laat weet het dat hulle nog geen finaliteit oor die voorgestelde eenvormige Sotho-ortografie bereik het nie. Daarom word die verteenwoordigers van Sesotho in die Unie gevra om te besluit watter ortografie hulle verkies.

Die Sothotaalraad van die Transvaalse Onderwysdepartement kom hierna op 29 September 1949 byeen om die samevatting van die gewysigde ortografie te bespreek, soos wat dit deur die subkomitee voorgestel is. Enkele wysigings word aanbeveel:

- (a) Die **bj** en die **jw** (soos ook die **hl** en die **tlh**) word as variante sonder 'n standaardvorm beskou.
- (b) Die **fy** en die **py** word nie meer as alternatiewe vorme vir onderskeidelik **fš** en **pš** erken nie.
- (c) Die **š**, **tš** en **tšh** vervang die onderskeie vorme **sh**, **tj** en **ch** van Sesotho.

Mnr. Ntja, die verteenwoordiger van Sesotho op die Sothotaalraad, deel die vergadering mee dat hy en sy kollegas 'n byeenkoms gedurende Januarie 1950 in Johannesburg gaan belê waarop die standaardisering van die ortografie bespreek sal word. Hierdie voorneme spreek van 'n onsekerheid oor die posisie van Sesotho binne hierdie proses van standaardisering, en hou klaarblyklik direk verband met die trae optrede van die Basoetoelandse Owerheid om tot 'n besluit hieromtrent te geraak.

Die Sothotaalraad het besluit om die sake nie langer te vertraag nie, en op die vergadering van 20 Oktober 1950 word die gestandaardiseerde ortografie finaal deur die Transvaalse Onderwysdepartement goedgekeur. Alle owerhede wat by die Sesotho- en die Setswanaskryftale belang het, is dienooreenkomstig ingestig.

Die Transvaalse Onderwysdepartement publiseer op 30 April 1951 die pamflet, N.O. 37907 *Sotho-Ortografie*, waarin 'n uiteensetting van die gestandaardiseerde ortografie vir Sepedi en Setswana gegee word. Hierin word dit ook genoem dat dié ortografie in die geval van Sesotho gebruik mag word.

Die 1929-ortografie en die 1950-ortografie wat vir Sepedi uitgewerk is, verskil in die volgende opsigte van mekaar:

1929-ortografie	1950-ortografie
by	bj, jw
fs	fs (f en sw is alternatiewe)
fy	fš (šw is 'n alternatief)
x	g
kx	kg
py	pš (py is 'n alternatief)
phs	psh
phš, phy	pšh
ths	tsh
tšh	tšh
tlh	tlh

Bantoe-onderwys

Die ontwikkeling van die Sepedi-ortografie was hiermee nog nie afgehandel nie, maar die Transvaalse Onderwysdepartement sou sy verantwoordelikheid in dié verband aan die Departement van Naturellesake afstaan, want kragtens die Wet op Bantoe-onderwys (Wet no. 47 van 1953) word die beheer oor alle Bantoe-onderwysdienste wat voorheen onder die sorg van die Provinsiale Administrasies was, aan die begin van 1954 aan die Sentrale Regering oorgedra. Die Departement van Naturellesake aanvaar die verantwoordelikheid hiervoor, en die Afdeling Bantoe-onderwys kom tot stand. Dié afdeling sou later vanaf 20 Oktober 1958 'n afsonderlike staatsdepartement word.

Op 30 Oktober 1954 het die Departement van Naturellesake (afdeling Bantoe-onderwys) besluit om 'n Bantoeaalraad in die lewe te roep wat as die hoogste gesag in verband met besluite rakende die Afrikatale van Suid-Afrika sou optree. Terselfdertyd word daar

vyf taalkomitees gestig, naamlik dié vir Sotho, Zoeloe, Xhosa, Venda en Tsonga.

Op 21 Februarie 1955 beveel die Bantoe-taalraad aan dat die Sotho-ortografie wat in 1953 deur die Transvaalse Onderwysdepartement in gebruik geneem is, in die Bantoe-onderwysblad gepubliseer word. Hierdie aanbeveling word deur die Departement van Naturellesake goedgekeur en die ortografie word in die April 1955-uitgawe van die Bantoe-onderwysblad (pp. 131-139) onder die opskrif, *Sotho-Spelling*, gepubliseer. Dit word later onveranderd in die *Sotho Terminologie en Spelreëls no. 1* van 1957 opgeneem. Die Bantoe-taalraad bepaal ook dat bogenoemde ortografie die enigste amptelike skryfstelsel vir Sepedi en Setswana in die Unie van Suid-Afrika is. Die hoop word ook uitgespreek dat 'n ooreenkoms met Basoetoeland bereik kan word dat dié ortografie ook op Sesotho van toepassing gemaak kan word.

Op die Sothotaalkomitee wat deur die Bantoe-taalraad aangestel is, het dieselfde getal lede vir elkeen van die drie taalgroepe sitting gehad. Die eerste vergadering van hierdie komitee word op 3 November 1955 gehou waartydens die verteenwoordigers van Sesotho vra dat hulle die geleentheid gegee word om die gestandaardiseerde skryfwyse van Sotho te bestudeer. 'n Subkomitee bestaande uit al die Sesotho verteenwoordigers op die Sothotaalkomitee is onder die konvenserskap van mnr. Van Rooyen benoem om volledig op die saak in te gaan. Hulle kom op 17 en 18 November 1955 te Kroonstad byeen.

Die Sesotho-ortografie

Terwyl daar in die Unie van Suid-Afrika aan die daarstelling van 'n eenvormige skryfwyse vir Sepedi en Setswana gewerk is, het die Onderwysdepartement van Basoetoeland nie stil gesit nie. Hulle het deeglik besef dat die ortografie wat in daardie stadium in gebruik was, in 1906 uitgewerk is deur 'n komitee wat destyds bestaan het uit verteenwoordigers van die drie belangrikste sendinggenoot-

skappe in Basoetoeland, die Koning en die Regering van Basoetoeland. Hulle het derhalwe 'n hersiening hiervan in die gedagte gehad. Daarom het die Onderwysdepartement van Basoetoeland 'n *Advisory Committee on Sotho Orthography* benoem wat daarop moes ingaan en met voorstelle daaromtrent vorendag moes kom. Die komitee vergader op 10 Augustus 1948, en doen sekere voorstelle aan die hand wat egter op 7 Oktober 1948 deur die Nasionale Raad van Basoetoeland verwerp word.

Teen hierdie agtergrond moet die vergadering van die subkomitee van die Sothotaalkomitee hier te lande gesien word. Hierdie subkomitee kom op 17 en 18 November 1955 byeen, en beveel hiertydens aan dat die ortografie aanvaar word wat deur die *Advisory Committee on Sotho Orthography* op 10 Augustus 1948 vir Sesotho in Basoetoeland voorgestel is. Die Sothotaalkomitee verwerp hierdie aanbeveling egter omdat:

- (a) Die besluite van die Basoetoelandse komitee nie deur hulle eie owerheid aangeneem is nie.
- (b) Die besluite van die subkomitee met betrekking tot die Sesotho-ortografie nie 'wetenskaplik' verantwoord was nie.

Hierna nooi die Sothotaalkomitee die owerheid van Basoetoeland uit om saam te werk in die opstel van 'n ortografie vir Sesotho. Terselfdertyd gaan die komitee met die opstel van 'n memorandum voort waarin aanbevelings vir 'n nuwe ortografie vir Sesotho uiteengesit word. Hierdie voorgestelde ortografie verskil van die 1906-ortografie soos volg:

1906-ortografie	Nuwe (voorgestelde) ortografie
Vokale	
è	e (ê)
ò	o (ô)
ē	e
ō	o

Semi-vokale

e, ě	y
o, ǒ	w

Konsonante

li, lu	di, du
fsh	fš
kh	kg
k'h	kh
pj, ptj	pš
psh	pšh
sh	š
tj	tš
ch	tšh
tš	tsh
ng, nq	nq
'ng	nnq
'm	mm
'n	nn
'ng	nng
'ny	nny

Hierdie ortografie is aan die Basoetoelandse Owerheid voorgelê, maar die verdere verloop van sake is klaarblyklik deur die vergaderings beïnvloed wat op 8 Februarie 1957 en 13 Augustus 1957 onder die beskerming van die Paryse Sendinggenootskap op onderskeidelik Morija en Maseru gehou is om 'n amptelike Sesothokomitee in die lewe te roep wat die Sesotho-ortografie moet hersien. Basoetoeland het die voorstelle van die Sothotaalkomitee dus nie aanvaar nie.

Tydens 'n byeenkoms van die Sothotaalkomitee op 5 Junie 1958 kondig dr. H.J. van Zyl aan dat die Owerheid van Basoetoeland nie die nuwe Sesotho-ortografie aanvaar nie. Hierop beveel die verteenwoordigers van Sesotho op die Sothotaalkomitee aan dat dié ortografie in die Unie wel gebruik moet word, maar met dié versoek dat die simbole waarin š voorkom, naamlik š, tš, tšh, pš, pšh en fš deur sj, tj, tjh, pj, pjh en fj, onderskeidelik, vervang word. Die aangeleentheid word bespreek en aanvaar.

Die nuwe Sesotho-ortografie word aan die Bantoetaalraad vir goedkeuring voorgelê. Die Bantoetaalraad kom op Woensdag 15 April 1959 byeen, en bring een verandering op die Sothotaalkomitee se voorstel aan, naamlik dat

sj deur sh vervang word. Die nuwe ortografie vir Sesotho word vervolgens goedgekeur, en in die Bantoe-onderwysblad van Oktober 1959 onder die opskrif, *Revised Orthography for Southern Sotho*, gepubliseer.

Met hierdie stap is die ortografieë van Sepedi en Setswana finaal van dié van Sesotho geskei. Die samestelling van 'n eenvormige ortografie vir Sotho het nie 'n werklikheid geword nie.

Die Sepeditaalkomitee

Die Sepedi-ortografie is hierna vir 'n laaste keer gewysig waarna die finale resultaat in 1972 gepubliseer word. Die aanloop tot hierdie laaste fase word deur die benoeming van 'n Sepeditaalkomitee ingelui toe die Bantoetaalraad tydens 'n vergadering op 30 Augustus 1961 in Pretoria besluit om die Sothotaalkomitee te ontbind, en in die plek daarvan drie volwaardige komitees te benoem, te wete dié vir Sepedi, Setswana en Sesotho.

Die Sepeditaalkomitee hou op 14 Augustus 1962 sy eerste vergadering in Pretoria. Terselfdertyd verskyn die *Noord-Sotho Terminologie en Spelreëls no. 2* wat in geen opsig van die *Sotho Terminologie en Spelreëls no. 1* van 1957 afwyk nie. Die taalkomitee kom met sekere aanbevelings rakende die gebruik van dubbelvokale en die spelling van saamgetrekte besitsvorme na die Bantoetaalraad wat die aanbevelings aanvaar en in die Bantoe-onderwysblad van Februarie 1967 laat publiseer.

Die taalkomitee het ook die ortografie en spelling van Sepedi volledig begin hersien, en verskeie wysigings vir goedkeuring voorgelê. Ook hierdie aanbevelings word aanvaar en in die Bantoe-onderwysblad van Maart 1967 gepubliseer. Hierdie dokument bring eenvormigheid binne die geleedere van die gemeenskap wat deur Sepedi as skryftaal bedien word. Die detail by sommige aanbevelings, en die aanhaal van talle voorbeelde ter verduideliking van die tersaaklike argumente, gee 'n aanduiding van die verwarring wat

vantevore bestaan het. Van die belangrikste aanbevelings word hier saamgevat:

A. Die gebruik van sekere digrawe en trigrawe

- (a) **bj** : Die **jw** word as alternatief wegge-
laat, byvoorbeeld: **bjang, robja**.
- (b) **fs** : Dit word slegs in die adjektiefstam -
fsa (jonk, nuut) nog toegelaat. In alle
ander gevalle waar die **fs** (alter-
natief: **sw**) gebruik is, soos in
lefsifs, fsa (om te brand), **fsiela**,
word slegs nog die **sw** aanvaar,
byvoorbeeld: **leswiswi, swa, swiela**.
- (c) **fš** : Die **šw** word nie meer as 'n
alternatief vir **fš** toegelaat nie,
byvoorbeeld: **lefšega, bofša**.
- (d) **hl** : Die **hl** word in enige posisie van
enige woord gevind, behalwe in:

- (i) Deverbatiewe van klasse 9 en 10.
(Vergelyk (e) (i) hieronder).
- (ii) Voorbeelde waar die werk-
woordstam deur die voorwerp-
skakel van die eerste persoon
enkelvoud of deur die refleksief-
skakel voorafgegaan word.
(Vergelyk (e) (ii) hieronder).
- (iii) Naamwoorde onder (e) (iii) hier-
onder genoem.

Vergelyk die volgende voorbeelde
waar die **hl** gebruik word:

Werkwoordstamme: **hlaba,**

hlahloba,

hlohloro.

Naamwoorde : **bohloko,**
mohlahlobi,
mohlwa, hlapi.

Adjektiefstam : **hlano.**

Ander woorde : **hle, hleng.**

- (e) **tlh** : Dit word nie meer as 'n alternatief
vir **hl** beskou nie. Dit kom voor:

- (i) As die beginklank van deverba-
tiewe in klas 9:
tlhahlobo (vergelyk **hlahloba**),
tlhakano (vergelyk **hlakana**).

- (ii) In werkwoordstamme met die
voorwerpskakel van die eerste
persoon enkelvoud of met die
refleksiefskakel:

hlaba maar **ntlhaba, itlhaba.**

hlompha maar **ntlhompha,**
itlhompha.

- (iii) In naamwoorde wat geen oor-
eenstemmende vorm met 'n **hl**
het nie:

tlhako (hoef), **tlhantlhagane**
(systie), **tlhatlhamedupe** (reën-
voël).

- (f) **pš** : **py** verval as alternatief vir **pš**, by-
voorbeeld: **eupša, mpša, thopša.**
- (g) **ps** : Die **ps** word nie meer in Sepedi as
skryfteken toegelaat nie.

B. Die Spelling van *realo* en van *nnoši/noši*

- (a) Die saamgetrekte vorm van **re + bjalo**
moet as **realo** (nie **rialo** nie) weergegee
word.
- (b) Die woord **nnoši** word altyd met 'n
dubbele **n** geskryf, behalwe as dit deur **ka**
of **le** voorafgegaan word, byvoorbeeld:
- **monna o nnoši, a nnoši**
 - **ke tla ithuša ka noši, o sepetše a le
noši**

C. Vokaalvernouing

Geen voorsiening word vir die gebruik van
addisionele diakritiese tekens gemaak om
vokaalvernouing aan te dui nie. Daar moet
egter gewaak word dat:

- (i) Die hoër variant van **o** (byvoorbeeld:
rokile) nie deur 'n **u** (byvoorbeeld:
rukile) weergegee word nie.
- (ii) Die hoër variant van **e** (byvoorbeeld:
lemile) nie deur 'n **i** (byvoorbeeld: **limile**)
aangedui word nie.

Let op die weergawe van die onder-
staande woorde:

sesepedi, seraloki, potšišo, mohlakodi,
itokišetša, iteseletša, ga ke reke, šedi,
realo.

D. Oorgangsklanke

Die halfvokale *w* en *y* behoort slegs gebruik te word waar hulle duidelik uitgespreek word, en nie in die gevalle waar hulle betekenislose oorgangsklanke tussen twee vokale vorm nie, byvoorbeeld:

bua (afslag), *boa* (terugkom), *tia* (sterkwees), *leboa* (noord), *bea* (neersit), *ke a gana* (ek weier), *o a kwa* (jy hoor), *ke a ya* (ek gaan).

Hierdie wysigings is in 1972 in die *Noord-Sotho Terminologie en Spelreëls no. 3* opgeneem. Hiermee is finaliteit ten opsigte van die ortografie van Sepedi bereik. Ook is die eenvormigheid wat tussen die Sepedi- en die Setswanaskryftale bestaan het, ietwat versteur.

Die ontwikkeling van die skryftekensstelsel van Sepedi na Oktober 1929 tot op hede kan kortliks soos volg saamgevat word:

- (a) Die keuse van skryftekens vir die vokale en die semi-vokale is in 1929 afgehandel, soos ook vir die onderstaande konsonantsimbole:

b, d, f, h, j, k, kh, l, m, n, p, ph, r, s, š, t, th, ts, tš, tl, ng, ny.

- (b) Die skryftekens wat vir die ander konsonante aangewend is, is van tyd tot tyd verander, en hierdie ontwikkeling word in die onderstaande tabel weergegee:

1929	1959	1967
by	bj (alternatief: jw)	bj
fs	fs (alternatiewe: f, sw)	fs en sw (nie alternatiewe nie)
fy	fš (alternatief: šw)	fš
x	g	
hl	hl (alternatief: tlh)	hl
kx	kg	
py	pš (alternatief: py)	pš
psh	psh	
phš	pšh	
phy	pšh	

ths tsh
thš tšh
thl tlh

Dat die ortografie vir soveel jare in die brandpunt gestaan het, en eers na 'n eeu gefinaliseer is, kan toegeskryf word aan:

- (a) Die geweldige uitlopende verskeidenheid dialekte wat deur die skryftaal bedien moet word.
(b) Die aktiwiteit van die verskillende sendinggenootskappe wat skryftale gevestig het sonder om eenvormigheid vir die Sothotale as doel na te streef.

Taalraad vir Sepedi

Die taalkomitees word gedurende die sewentigerjare tot taalrade opgegradeer. Een van die belangrike take van die Sepeditaalraad is om toe te sien dat die spelreëls toegepas word. Die vernaamste wysigings wat dié raad mettertyd aanbring, raak daarom hoofsaaklik die spelling van woorde. Hierdie besluite word in die *Noord-Sotho Terminologie en Spelreëls no. 4* van 1988 opgeneem, en het betrekking op:

- (a) Die aanduiding van elisie.
(b) Die gebruik van die semi-vokaal by die tersaaklike demonstratiewe en absolute voornaamwoorde.
(c) 'n Lys van dialektiese leksikale items wat as alternatiewe vorme naas die standaardvorme aanvaar word.

Spellingprobleme wat verband hou met:

- (i) Die gebruik van hoofletters.
(ii) Woordverdeling en die gebruik van die koppelteken.
(iii) Die foutiewe aanduiding van aspirasie in sekere woorde.

Die laaste belangrike besluit van die Sepeditaalraad voor sy ontbinding in 1994 was om die naam van die skryftaal van Noord-Sotho na Sepedi te verander.

Bibliografie

- Esterhuyse, C.J. 1974. Die Ontwikkeling van die Noord-Sothoskryftaal. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Lestrade, G.P. 1928. Some remarks on the Practical Orthography of South African Languages. *Bantu Studies* III(3). Johannesburg: Wits University Press.
- Lestrade, G.P. 1930a. The Practical Orthography of Transvaal Sotho. *Bantu Studies* IV(1). Johannesburg: Wits University Press.
- Lestrade, G.P. 1930b. The Practical Orthography of Tšwana. Pretoria.
- Lestrade, G.P. 1937. The Practical Orthography for Tswana. *Bantu Studies* II. Johannesburg: Wits University Press.
- Merensky, A. 1862. Beiträge zur Geschichte der Bapeli. *Berliner Missionsberichte* XX. Berlin.
- Van Wyk, E.B. 1969. Die Indeling van die Sothotaalgroep. *Ethnological and Linguistic Studies in honour of N.J. van Warmelo*. Pretoria: Staatsdrukker.
1955. Sotho-spelling. *Bantoe-onderwysblad* 1(5). Johannesburg.
1957. *Noord-Sotho Terminologie en Spelreëls* no. 1. Pretoria: Staatsdrukker.
1959. Revised Orthography of Southern Sotho. *Bantoe-onderwysblad* 5(9). Johannesburg.
1962. *Noord-Sotho Terminologie en Spelreëls* no. 2. Pretoria: Staatsdrukker.
1970. *Padišo ya Sesutho* I, II, III. Berlin: Unger.
1972. *Noord-Sotho Terminologie en Spelreëls* no. 3. Pretoria: Staatsdrukker.
1988. *Noord-Sotho Terminologie en Spelreëls* no. 4. Pretoria: Staatsdrukker.
- Omsendbrief van die Transvaalse Onderwysdepartement 1946. N.O. 31216.
- Omsendbrief van die Transvaalse Onderwysdepartement 1951. N.O. 37907 (Sotho-ortografie).

Prof. P.S. Groenewald is tans hoof van die Departement Afrikatale aan die Universiteit van Pretoria. Hy is op 1 Julie 1957 as 'n junior lektor in dié departement aangestel, en het in 1966 hoof van die departement geword. Hy is lid van die ou Noord-Sothotaalraad wat in 1994 ontbind is, en het meegewerk aan die voorbereiding vir publikasie van die Noord-Sotho Terminologie en Spelreëls no. 4 van 1988.

Mnr. C.J. Esterhuyse het in 1974 die meestersgraad onder prof. P.S. Groenewald met die verhandeling oor die ontwikkeling van Sepedi as skryftaal behaal. Hy was werksaam in die Departement van Onderwys en Opleiding, en het ook jare lank op die Noord-Sothotaalraad gedien. Hy het intussen geëmigreer en woon tans in Australië waar hy 'n uitgewery besit.

*Prof. P.S. Groenewald
Hoof: Departement Afrikatale
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria
0002 PRETORIA
Tel. (012) 420-2492
Faks. (012) 420-3163
E-posadres vzy@libarts.up.ac.za*